# Hoofstuk van die dag: Deuteronomium 24

*Wanneer 'n man met 'n vrou trou, kan dit gebeur dat hy haar nie meer liefhet nie omdat hy iets onbetaamliks aan haar*

*gevind het. Dan mag hy 'n skeibrief skryf en dit vir haar gee en haar uit sy huis uit wegstuur. (vers 1)*

Met hierdie bepaling het Moses dit moeiliker gemaak vir 'n man om sommer net sy vrou te los oor iets onbenullig. Maar later was daar verskil van mening oor wat Moses bedoel het met "iets onbetaamliks". Die woord in die oorspronklike Hebreeus is 'n tegniese term, waarvan die presiese betekenis verlore gegaan het. Só was daar in Jesus se tyd twee denkrigtings. Die skool van Rabbi Sjammai was strenger en het egskeiding slegs toegestaan op grond van die vrou se owerspel. Rabbi Hillel was meer toegeeflik en het egskeiding op enige grond toegelaat. Selfs verbrande kos was volgens dié siening iets onbetaamlik en 'n grond vir egskeiding!
Toe Jesus oor hierdie saak gekonfronteer is (Matt 19:3-9), kies Hy die standpunt van Rabbi Sjammai. Die feit dat Moses egskeiding hoegenaamd toegelaat het, was 'n toegewing, nie die norm nie. Egskeiding druis in teen God se skeppingsbedoeling, sê Hy (Matt 19:4-6).
Egskeiding is nie God se plan nie, en mag steeds slegs as allerlaaste opsie oorweeg word.

## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke

© Bybelkoerant 2018 – 2026